Wilson Center | Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# July 7, 1960

# Confidential Telegram from South African Department of Foreign Affairs M. I. Botha to South African Ambassador to Vienna D.B. Sole on sale of Uranium to Israel

## Citation:

"Confidential Telegram from South African Department of Foreign Affairs M. I. Botha to South African Ambassador to Vienna D.B. Sole on sale of Uranium to Israel", July 7, 1960, Wilson Center Digital Archive, South African National Archive, BLO 353, PS17/109/12 vol. 2. Obtained and contributed by Sasha Polakow-Suransky. https://wilson-center-digital-archive.dvincitest.com/document/116579

## Credits:

This document was made possible with support from Carnegie Corporation of New York (CCNY)

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

- Original Scan

Wilson Center Digital Archive Original Scan

137/11/35.

**VERTROULIK.** PRETORIA.

7 JUL 1960

**DIE ADJUNK-VOORSITTER : RAAD OP ATOOMKRAG.**

Die Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister
van die Unie van Suid-Afrika,
WENEN.

## Verkoop van Uraan aan Israel.

Die Gesant van Israel het in n onlangse gesprek met n amptenaar van hierdie Departement melding gemaak van die onderhandelinge in 1958/59 tussen die Unie en Israel vir die verkoop van Suid-Afrikaanse uraan. Hy het toe beweer dat hierdie onderhandelinge misluk het nadat ons, ons aanbod onttrek het om uraan, onderhewig slegs aan n eenvoudige versekering van vreedsame gebruik, te verskaf. Hy het blykbaar onder die indruk verkeer dat ons destyds ons aanbod teruggetrek het as gevolg van die verslegting in verhoudinge tussen die Unie en Israel wat voortgevloei het uit laasgenoemde se optrede by die Verenigde Volke. Aangesien ons verhoudinge sedertdien verbeter het, het hy voorgestel dat hierdie aangeleentheid dalk weer oorweeg kan word.

Die Gesant se bewerings in verband met die redes vir die mislukking van hierdie onderhandelinge is natuurlik nie op die korrekte feite gegrond nie. Die Unie se beleid ten opsigte van waarborge waarkragtens ons n blote versekering van vreedsame aanwending slegs in een van ons eerste kontrakte (met Japan) aanvaar het, is dus aan hom verduidelik. Daarop het hy gereageer met n verklaring dat Israel nie te vinde sal wees vir enige bilaterale ooreenkoms met die Unie waarkragtens waarborge toegepas sal word in die vorm van Suid-Afrikaanse inspeksiemaatreëls wat Israel se soewereiniteit sou beperk nie. Hy is boonop die mening toegedaan dat Israel heelwaarskynlik ook nie akkoord sou gaan met ons voorstel om uraan te verkoop onder n versekering dat die koper met I.A.E.A. sal onderhandel vir die toepassing van waarborge deur die Agentskap nie. Hy het egter bygevoeg dat Israel

/....

**VERTROULIK.**